| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 13 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS**:

   **AFDELING A:** Leesbegrip (30)
   **AFDELING B:** Opsomming (10)
   **AFDELING C:** Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord **AL** die vrae.

3. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.

4. Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

8. Skenk veral deeglike aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   **AFDELING A:** 50 minute
   **AFDELING B:** 30 minute
   **AFDELING C:** 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Bestudeer die onderstaande tekste, **TEKS A** en **TEKS B**, en beantwoord die vrae.

**TEKS A: ARTIKEL**

# Is jy getatoeëer?

1. Die woord "tatoe" is 'n leenwoord waarskynlik uit die Polinesiese, Tahitiaanse of Samoaanse taal vanaf *tatau* en wat "streep" of "vlek" beteken. Gevolglik is tatoes deur matrose na Europa gebring. Van daar het dit moontlik na die res van die wêreld versprei. Die Japannese woord *irezu* beteken "invoeging van ink".

2. Die tatoekuns bestaan al minstens sedert die lewe van die eerste bekende getatoeëerde mens, Ötzi, sowat 3 330 v.C. wat 60 tatoes op sy lyf gehad het. Daar is ook tatoes op die liggaam van die Siberiese Ysvrou gevind, wat tussen omstreeks die 6^de^ en 2^de^ eeu v.C. in die Siberiese steppe gewoon het en in 1993 ontdek is.

3. In die 20ste eeu is tatoes oor feitlik die hele wêreld verbind met 'n sekere soort "rowwe" lewenstyl, veral van matrose en gevangenes. Tatoes kan dekoratief wees (met geen spesifieke betekenis nie), simbolies (met 'n persoonlike betekenis vir die draer), of beeldend ('n beeld van 'n spesifieke persoon of voorwerp). Baie tatoes word in rituele praktyke gebruik om status en rang aan te dui – as simbole vir godsdienstige en geestelike toewyding, merke van liefde of dapperheid, armbande en talismans (gelukbringers), beskerming of as strafmaatreël, soos vir uitgeworpenes, slawe of gevangenes. Tatoes kan ook wys hoe iemand oor 'n familielid of oor 'n afgestorwe persoon voel.

4. Die mees algemene metode in die moderne tyd om jou te laat tatoeëer is met 'n elektriese tatoeëermasjien, wat die ink deur 'n naald in die vel spuit deur middel van 'n vibrerende eenheid. Die eenheid dryf die naald vinnig in en uit die vel, gewoonlik 80 tot 150 keer per sekonde. Die naalde word net een keer gebruik en word individueel verpak.

5. Onder sekere misdadigers van die 20ste eeu was daar 'n kultuur van tatoeëermerke om iemand se misdaadloopbaan aan te dui, asook sy/haar rang in die tronkgemeenskap. Veral vir diegene in destydse kommunistiese tydperke het die tatoes gedien om te onderskei tussen wie hoog aangeskryf was ('n "dief volgens die wet") en wie 'n politieke gevangene was.

6. In sommige gevalle in die geskiedenis is mense teen hul wil getatoeëer. 'n Bekende voorbeeld is die identifikasienommers wat op 'n sekere bevolkingsgroep in konsentrasiekampe aangebring is. Dié tatoeëeringspraktyk was daarop gemik om die liggame van geregistreerde gevangenes in kampe soos byvoorbeeld Auschwitz te identifiseer. In die Zhou-dinastie het Chinese owerhede tatoes op mense se gesigte aangebring as 'n straf vir sekere oortredings of om gevangenes of slawe te merk.

7. Bloedgroeptatoes is in die Tweede Wêreldoorlog in Nazi-Duitsland deur lede van die Waffen-SS gedra. Ná die oorlog is die tatoes dikwels gebruik as ’n bewys dat iemand lid van die SS was en dit kon tot ’n moontlike inhegtenisneming en vervolging lei. ’n Paar SS-lede het hulle deur die arm geskiet om die tatoe te verwyder.

8. Tatoeëermerke het in historiese China ’n negatiewe konnotasie gehad omdat misdadigers dikwels getatoeëer is om hulle te merk. Dit is vandag steeds ’n taboe in Chinese gemeenskappe. Die verbinding van tatoes met misdadigers het ook na Japan oorgespoel. Die Japannese regering het tatoes in die 19de eeu verbied en die verbod is eers in 1948 opgehef.

9. Deels vanweë ’n Bybelse uitspraak teen die merk van die liggaam, het keiser Konstantyn die Grote die tatoeëering van gesigte omstreeks 330 n.C. verbied en die Tweede Konsilie van Nicea het in 787 n.C. die tatoeëering van enige deel van die liggaam as ’n heidense gebruik verbied.

10. Dit is ook al gebruik om mediese inligting oor die draer daarvan oor te dra, soos ’n persoon se bloedgroep of ’n mediese toestand. Alzheimerpasiënte se name kan op hulle getatoeëer word om hulle te identifiseer as hulle vermis raak. Tatoes kan ook gebruik word om velpigmentsiektes te bedek.

11. Tatoeëering hou natuurlik gesondheidsgevare in. Omdat die vel binnegedring word, hou tatoeëering die gevaar van ontsteking en allergiese reaksies in. Moderne kunstenaars verminder die risiko’s deur naalde net een keer te gebruik en instrumente ná elke gebruik te steriliseer. Tatoeëerkunstenaars dra deesdae handskoene en steriliseer hul toerusting ná elke gebruik. Baie owerhede vereis dat hulle opleiding in bloedbesmetting ondergaan. In amateurtatoeëering, soos in tronke, is daar egter steeds groot gevare aan verbonde. Met ongesteriliseerde toerusting kan ontsteking ontstaan of sekere siektes oorgedra word soos hepatitis, herpes, MIV en tuberkulose.


12. Kan tatoes verwyder word? Hoewel tatoes as permanent beskou word, kan dit soms met laserbehandeling gedeeltelik of heeltemal verwyder word. Swart en sommige kleure ink kan makliker as ander kleure verwyder word. Die koste en pyn om dit te verwyder is gewoonlik groter as met die aanbring daarvan.

13. Besluit dus self of jy jou wil laat tatoeëer of nie.

*[Verwerk uit: Tatoeëermerk - Wikipedia. Oktober 2024]*

**EN**

## TEKS B: VISUELE TEKSTE




*[Verwerk uit: Google images]*

## VRAE: TEKS A

1.1 Na wie verwys die "jy" in die opskrif van die artikel? (1)

1.2 Is dit 'n feit of 'n mening dat die woord "tatoe" uit die Polinesiese, Tahitiaanse of Samoaanse taal afgelei is? Motiveer jou antwoord. (1)

1.3 Watter beroep het die Oosterlinge beoefen wat die eerste tatoes gekry het? (1)

1.4 Watter ooreenkomste is daar tussen Ötzi en die Siberiese Ysvrou? (2)

1.5 Tatoeëering is aanvanklik met negatiwiteit geassosieer. Verwys na persone om hierdie stelling te staaf. (2)

1.6 Lei uit paragraaf 3 af wat die verskillende betekenisse van tatoes kan wees. (3)

1.7 Waarom sal ’n persoon wat tot ’n bepaalde kultus behoort hom/haar laat tatoeëer? (2)

1.8 Waarom sal ’n persoon iemand wat reeds die tydelike met die ewige verwissel het se naam op sy/haar liggaam laat tatoeëer? (1)

1.9 Wat is onmisbaar in die tatoeëerproses? (3)

1.10 Waarom was tatoeëering in destydse kommunistiese stelsels belangrik? (2)

1.11 Om watter rede is persone teen hulle wil getatoeëer? (1)

1.12 Gee jou mening oor keiser Konstantyn die Grote se houding teenoor tatoeëering. (1)

1.13 Na watter woord verwys die onderstreepte woord in paragraaf 10? (1)

1.14 Skryf twee opeenvolgende woorde neer wat ’n gevangene behoort regop te laat sit wanneer hy/sy hom/haar wil laat tatoeëer. (1)

1.15 Wat behoort ’n persoon wat sy/haar tatoes wil laat verwyder te weet? (1)

1.16 Beantwoord die vraag in die opskrif van die artikel en motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.17 Waarom beskou die karakter in Visuele teks 1 die voetganger as ’n frats? (1)

1.18 Watter ironie lê in die man se woorde in Visuele teks 2 opgesluit? (1)

1.19 Waaraan sal jy die funksionaliteit van die gedagteborrel in Visuele teks 3 toeskryf? (1)

1.20 Waarom, dink jy, besoek die getatoeëerde man in Visuele teks 4 ’n tatoeëersalon? (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.21 Identifiseer ’n woord uit paragrawe 10 - 12 (TEKS A) om die twee mans met die naalde se beroep (Visuele tekste 3 en 4) te beskryf. (1)

1.22 Watter woord in paragraaf 12 (TEKS A) is die aangewese ding vir die man met die naald en masjien om die aanstaande bruidegom se tatoes te verwyder? (1)

**(30)**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van **SEWE wenke oor hoe om gewig te verloor**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde en in volsinne wees.
2. Die opsomming mag nie langer as 90 woorde wees nie en moet in paragraafvorm geskryf word.
3. Dit is nie nodig om die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die aantal woorde wat jy gebruik het aan.
5. Maak seker dat jy jou beplanning doodtrek.

### TEKS C

**Wenke hoe om gewig te verloor**

Ons soek dikwels na die beste maniere om gewig te verloor. Maar waarom wil so baie mense gewig verloor? As jy oorgewig is, laat dit jou ongemaklik voel – veral as jy voel dat jou klere nie meer so lekker pas nie. Oorgewig is natuurlik baie ongesond. Dit is egter belangrik om te onthou dat jou liggaam unieke behoeftes het wat jy in ag moet neem.

Dit is belangrik om jou liggaamstipe te identifiseer wanneer jy van vetrolletjies ontslae wil raak. Jy moet weet of jy 'n ektomorf, mesomorf of endomorf is. As jy dit weet, kan jy jou oefenprogramme en dieetplanne beter aanpas. Onthou net, daar is geen "een-grootte-pas-almal" benadering tot gewigsverlies nie. Aansluitend hierby is dit noodsaaklik dat jy jou metabolisme moet verstaan. Dit is die proses waardeur jou liggaam kalorieë verbrand en energie produseer. Om jou metabolisme te verstaan, moet jy aandag skenk aan hoe jou liggaam voel ná verskillende maaltye.

Jy kan begin om suikerhoudende drankies met water te vervang. Water speel 'n geweldige rol in gewigsverlies. Maar wees versigtig. Te veel water kan ook 'n gesondheidsrisiko inhou. Moet jou nie aan water oordrink nie.

Wanneer jy in 'n winkelsentrum is, is die roltrap of die hysbak tog so gerieflik om tot by die boonste verdieping te kom. Is die trappe nie 'n baie beter keuse nie? En terwyl jy in die supermark rondstap, koop vrugte en groente.

Onthou dat 'n gesonde gewigsverlies meer oor die reis as die eindbestemming is. Dit is ook belangrik om te onthou dat elke persoon se liggaam uniek is. Wat vir die een persoon werk, werk nie noodwendig vir 'n ander een nie.

Soek vir jou 'n ondersteuningsgroep wat jou kan help om gemotiveerd te bly en bly tog weg van dieetpille wat onrealistiese resultate beloof. Almal soek altyd na 'n wonderkuur om gewig te verloor, maar die waarheid is dat hierdie vinnige oplossings meer skade as goed doen.

*[Verwerk uit: https://csndiet.co.za/hoe-om-vinnig-gewig-te-verloor/]*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

## 9 DAE EN 8 NAGTE

**Egte Karoo**

**Hoogtepunte**
Kom proe Karookos, beleef die mense, hulle stories en geskiedenis, gasvryheid en die ooptes en stiltes van die **Karoo** ...

**Wat is ingesluit?**
Verblyf. Drie etes per dag. Bed en beddegoed. Professionele gids. Tweerigtingradio. Alle toegangsfooie en fooie om te proe.


**Wat om te verwag?**
9 dae, 8 nagte – 2 nagte elk op 4 werkende plase aan die einde van die stofpad in die volgende distrikte: Laingsburg, Prins Albert, Vosburg en Sutherland.

**Vanaf** R15 600 p.p.p.d.

**BRING SAAM!**
Eie stofpadryding, kamera, verkyker en kampstoel

Bespreek jou reis vandag!
daniel@slowdowntours.co.za | +27 82 854 1977

**TOERE (2026)**
- 9–17 Maart
- 27 April–5 Mei
- 14–22 September
- 19–27 Oktober





*[Verwerk en saamgestel uit: Weg! Oktober – November 2024 & Google images]*

3.1

3.1.1 Het die advertensie in ’n koerant of tydskrif verskyn? (1)

3.1.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 3.1.1. (1)

3.2 Na watter deel van die land word die teikengroep gelok? (1)

3.3 Watter groep lesers, dink jy, gaan geensins in hierdie advertensie belangstel nie? (1)

3.4 Wat ontbreek in die twee visuele beelde wat uiters noodsaaklik is en wat die advertensie nie so vervelig sal laat lyk nie? (1)

3.5

3.5.1 Waarom is die stofpadryding en ander voorwerpe onder die “Bring saam”-opskrif nie by die “Wat is ingesluit?” ingesluit nie? (1)

3.5.2 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.

Die (insluit) kostes vir die toer is reeds op die faktuur aangedui. (1)

3.6 Waarom is die woord “stofpadryding” nie ’n voorbeeld van ’n samestellende afleiding nie? (1)

3.7 Skryf die @-teken in die e-posadres as ’n woord neer. (1)

3.8 Spreek jou uit oor die opskrif van die advertensie. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




*[Bron: Beeld. 20/10/22]*

4.1

4.1.1 Waarna verwys die "dié" in die seun se woorde? (1)

4.1.2 Skryf die seun se woorde as 'n vraagsin neer. (1)

4.2 Wat gee jou die idee dat die seun lief is vir kitskos? (1)

4.3 Verwys na die strokiesprent.

4.3.1 Watter emosie bespeur jy in die seun se ouers se gesigsuitdrukkings? (1)

4.3.2 In watter gemoedstoestand is die seun? (1)

4.4 Spreek jou uit oor die netheid van die seun se kamer. (1)

4.5 Na wie verwys die "hoës" in die koerantberig? (1)

4.6 Waarop sinspeel die ma se woorde? (1)

4.7 Watter vak is die seun, volgens die strokiesprent, besig om te studeer? (1)

4.8 Dink jy die seun is lief daarvoor om te leer? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: PROSA**

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

# Ja, varke kan vlieg; groot operasie om spoggerige varke na Angola uit te voer

1. ’n Spoggerige vark moet in spoggerige omstandighede vlieg. En as jou geslagsregister lyk soos dié van <u>hierdie</u> varke, sal niks minder as ’n Boeing 747-700 deug nie.

2. Altesaam 781 varke is in Januarie 2024 na Luanda in Angola vervoer as deel van ’n internasionale transaksie om teelvarke na Angola uit te voer. Alzu Pigs Genetics wat handel dryf as PIC Suid-Afrika, het hand bygesit om die transaksie seepglad te laat verloop.

3. ’n <u>Maatskappy</u> in Angola wat die varke aangekoop het, se perseel is die volgende maand besoek en die maatskappy was in daardie stadium reeds besig met die konstruksie van ’n nuwe aanleg wat 1400 varke kan huisves. Hierna het dit fyn voetwerk geverg om die varke te bekom. Dit het beteken dat die span in Afrikaans en Engels en selfs Mandaryns en Portugees moes onderhandel.

4. Maar ’n boer maak ’n plan en daar is volhard totdat al die spoggerigste varke aangeskaf is. Die eerste besending varke – <u>wat sowat 43 545 kg geweeg het</u> – het op 7 September 2024 vertrek. Die varke is in 27 kratte vervoer. In geheel is daar 33 uur lank met die varke gereis en nie ’n enkele sterfte is aangemeld nie.

*[Verwerk uit: Maroela Media. Sa. 19 Oktober 2024]*

5.1 Skryf die (5.1.1) manlike en (5.1.2) vroulike vorm van ’n vark in die enkelvoud neer. (2)

5.2 Wat word burgers wat in Angola woon, genoem? (1)

5.3 Tot watter woordsoort behoort die onderstreepte woord in paragraaf 1? (1)

5.4

5.4.1 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies in die onderstaande sin neer.

Afrikaans Huistaal Vraestel 3 bestaan uit ’n opstel en twee (transaksie) tekste. (1)

5.4.2 Verdeel die antwoord in VRAAG 5.4.1 in lettergrepe. (1)

© SACAI KOPIEREG

5.5 Dink jy die woord "teelvarke" in paragraaf 2 is korrek gespel? Motiveer jou antwoord. (1)

5.6 Skryf die afkorting van die onderstreepte woord in paragraaf 3 neer. (1)

5.7 Watter soort sin is die onderstreepte gedeelte in paragraaf 4? (1)

5.8 Wat beteken die onderstaande idioom?

Hy/sy sal geen vark kan vang nie. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

© SACAI KOPIEREG